**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak nr: 1269/2005

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>RELEBOHILE MOEJANE</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** HANCKE, J *et* WRIGHT, J

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** WRIGHT, J

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 10 NOVEMBER 2005

---

[1] Die beskuldigde, 'n agtienjarige eerste oortreder, is skuldig bevind aan die oortreding van Artikel 5(b) van Wet 140 van 1992, te wete handel dryf in 7kg dagga. Hy is gevonnis tot 18 (agtien) maande gevangenisstraf wat op gepasde voorwaardes opgeskort is asook tot 'n boete van R3 000,00 (drieduisend rand) of 300 (driehonderd) dae

gevangenisstraf.

[2] Nadat navraag gerig, is blyk dit dat die beskuldigde oop kaarte met die hof gespeel het en meegedeel het dat hy die misdaad gepleeg het om klere te koop. Die beskuldigde het verder in die hof meegedeel dat hy nog skoolgaan en dat hy eers 18 jaar oud word in Oktober 2005. (Die misdaad is derhalwe gepleeg toe hy nog 17 jaar oud was.)

[3] Dit is erkende reg dat ‘n hof ‘n sewentienjarige eerste oortreder meer tegemoedkomend sal straf as in die geval van ‘n volwasse persoon. Daar sal veral gepoog word om te kyk of die persoon nie uit die gevangenis gehou kan word nie. Omdat ons hier met ‘n baie ernstige misdaad te doen het is dit myns insiens in orde dat ‘n langerige termyn van gevangenisstraf wat opgeskort word, opgelê word en het ek geen probleem met die 18 maande gevangenisstraf wat op gepasde voorwaardes opgeskort is en wat as ‘n swaard oor die beskuldigde se kop sal hang sodat hy nie weer hierdie misdaad pleeg nie.

[4] Wat die boete met alternatiewe gevangenisstraf betref, word besef dat ‘n mens nie vir ‘n misdaad van hierdie aard ‘n mindere boete as die opgelegde boete kan oplê nie maar meen ek dat die 300 dae gevangenisstraf buite verhouding tot die boete is. In die verband word gewys na **S v KAPENG** 1992 (1) SASV 596 (O) en ook die latere

beslissing van **<u>S v MAKOAE</u>** 1997 (2) SASV 705 (O) waarop gewys word dat die verhouding tussen die boete en die alternatiewe gevangenisstraf gedurig in heroorweging geneem moet word as gevolg van die waardevermindering van geld. In laasgenoemde beslissing word die volgende gesê op bladsy 709 C-F:

> "Hierdie is duidelik 'n geval waar die beskuldigde nie in staat sal wees om uit sy eie inkomste 'n boete wat gepas sal wees in die lig van die erns van die misdryf te betaal nie. Nogtans word daar saamgestem met die beginsel, dat in misdade van hierdie aard, die keuse van 'n boete aan 'n eerste oortreder verskaf moet word. (Cf bv *S v Nxumalo* 1992 (2) SASV 268 (O) en *S v Monisa* 1992 (2) SASV 671 (O) op 672*i*.)

Wat meer kommentaar vereis is die verhouding tussen die boete en die alternatiewe gevangenisstraf. Dit het in elk geval geblyk dat die beskuldigde nie eers in staat was om die boete van R3 000 te betaal nie. Selfs al sou die boete dubbel die bedrag wees wat inderdaad opgelê is, sou dit nog 'n relatiewe ligte straf wees in verhouding tot 30 maande gevangenisstraf. Selfs 'n persoon met 'n relatiewe geringe inkomste van ongeveer R6 000 per jaar, sou eerder ten alle koste wou poog om die boete te betaal eerder as om vir twee en 'n half jaar tronk toe te gaan. Die verhouding van boetes wat op gelê word teenoor die alternatiewe gevangenisstraf het nie tred gehou met die waardevermindering van geld nie. (Sien *S v Kapeng* 1992 (1) SASV 596 (O) en die sake daar aangehaal, asook die hersieningsuitspraak in *S v Andries Motsamai* (hersieningsno 132/97).) Dit geld des te meer in 'n geval soos hierdie waar dit vir die landdros duidelik moes gewees het dat die beskuldigde nie in staat sal wees om die boete te betaal tensy hy finansiële hulp van 'n

vriend of familielid ontvang nie of oor ander onverklaarde bates beskik wat hy te gelde kom maak."

[5] In hierdie geval sal die 300 dae gevangenisstraf beteken dat die beskuldigde in alle waarskynlikheid vir bykans 'n jaar in die tronk deurbring wat ongetwyfeld 'n baie swaarder straf is as 'n boete van R3 000,00. Hierdie aspek moet in samehang gesien word met die feit dat ons hier met 'n jeugdige eerste oortreder te doen het en die ander versagtende faktore waarna hierbo verwys is.

[6] In die lig van al die omstandighede meen ek dat alternatiewe gevangenisstraf van 6 (ses) maande voldoende behoort te wees. (Dit blyk nie eers uit die J4 vorm of die boete inderdaad betaal is alhoewel die belangrikheid van die voltooiing van die betrokke gedeelte van die vorm al by herhaling beklemtoon is).

[7] Bygevolg word die skuldigbevinding bekragtig sowel as die vonnis behalwe dat die gedeelte van die vonnis dat die beskuldigde beboet word met R3 000,00 of 300 (driehonderd) dae gevangenisstraf ter syde gestel word en vervang word met die volgende:

'n Boete van R3 000,00 (drieduisend rand) of 6 (ses) maande gevangenisstraf.

Die gewysigde vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 13 September 2005.

**G.F. WRIGHT, R**
Ek stem saam.

**S.P.B. HANCKE, R**

/em